Geliefde Lourensrivierder

Ek wil sommer vandag weer vir jou herinner aan Lourensrivier se visie en wat ons muur-kunswerk in die kerk en ons logo beteken.

VISIE 2000 : CHRISTUS ALLES EN IN ALMAL (Kol 3:11)

Jasper Verster, wat die skildery ontwerp en geverf het, verduidelik die simboliek en hoe hy dit uitgebeeld het. Hy het ook ons logo ontwerp:

- Die muurskildery is ‘n grafiese-visuele uitbeelding wat die effek gee van ‘n gebrandskilderde glasvenster.
- Die lyne loop hoofsaaklik in ‘n horisontale en vertikale rigting – die kruismotief.
- Bekende simbole: Rooi Kruis; Wit Vredesduif; Oranjerooi Son van Geregtigheid; Blou Lug; Wolke en Water; Groen Gras en Boom; Bruin Grond en Stof; Wit, Geel en Oranje Blomme.
- Ander simbole: Pers sirkel – Christus se Dood; Dofwit, ligbruin en donkerbruin sirkels – mense (velkleur) en hulle sondigheid; Wit sirkels – gewaste siele (in Christus bloed); Lyne en oranje vlakke rondom kruis – Vorm van Koringkorrel (lewe uit die dood); Geel sirkelvormige bane – Liefde, Almag, Genade, Heerlikheid van God wat tot verby die wolke strek en alles en almal omsluit.
- Samevattend: In die Christus van God is die volheid – Hy is die Skepper van alles en die Herskepper en Lewendmaker van dié wat na die dood gesleep word. Slegs deur die Kruis en Bloed van die Lam kom daar lewe. Daarvan moet ons Getuies wees aan Almal.

Die ontwerp van ons gemeente se logo het voortgevloei uit die kern van die muurbehangsel: ‘n ontkiemende saad wat groei en lewe simboliseer.
Joh. 12:24 “Dit verseker ek julle: as ‘n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een; maar as hy sterwe, bring hy ‘n groot oes in.”

NUUSKRUMMELS: 14 NOVEMBER 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

KERSSANGDIENS IS HIERDIE JAAR OP 24 NOVEMBER IN DIE OGGEND @ 09H00♫

NUUS UIT DIE KERK OMGEWING

Ds Barend Vos, alias Grootseun in lewende lywe!!!!
Dit is fiktiewe briewe wat ’n dominee, bekend as “Grootseun”, elke maand aan sy ouers rig, om hulle op hoogte te bring van wat in hulle predikantseun se gemeente aan die gang is. Die briewe dek die wel en weë van mense van die platteland, hulle bemoeienis met hulle gemeente en hulle predikantspaar en dié se twee dogters. Die hoofsaaklike doel van hierdie briewe is humor, maar behalwe vir die spot, is daar ook dikwels deernis en empatie wat deurskemer, en ook ’n goeie klomp selfspot.

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

BLOUVLEI ACADEMY - BEHOEFTELYS

GRAAD	MEISIES	SEUNS	TOTAAL
GRAAD RR	5	9	14
GRAAD R	9	3	12
GRAAD 1	4	9	13
GRAAD 2	10	5	15
GRAAD 3	6	6	12
GRAAD 4	4	2	6
GRAAD 5	3	2	5
GRAAD 6	5	5	10
GRAAD 7	5	1	6
LOOPBAAN	2		2
TOTAAL			**95**

BEHOEFTES VIR RR (14)
WET WIPES
TISSUES
JUMBO VETKRYTE
WHITE BOARD MARKER
BEKERTJIE
SEEP
TANDEPASTA
TANDEBORSEL
WASLAPPIE
STOMNEUS SKERTJIE

BEHOEFTES VIR R (12)
UITDRAAIKRYTE
RINGLEER
STOMNEUS SKERTJIE
POTLOODSAKKIE
PRITT
WET WIPES
TISSUES
JUMBO VETKRYTE
WHITE BOARD MARKER
BEKERTJIE
SEEP
TANDEPASTA
TANDEBORSEL
WASLAPPIE

BEHOEFTES VIR GR 1 /2 /3 - (40)
UITDRAAIKRYTE
CELOTAPE
STOMPNEUS SKER
FLIP FILE (2)
POTLOODSAKKIE
POTLODE HB (12)
SKERPMAKER
LINIAAL
PRIT
UITVEER
TISSUE
WASLAPPIE
SEEP
TANDEPASTA
TANDEBORSEL

BEHOEFTES VIR GR 4-6 (21)
INKLEURPOTLODE
CELOTOPE
SKER
FLIP FILE (30 BLAD)
POTLOODSAKKIE
POTLODE HB (12)
SKERPMAKER
LINIAAL
PRIT
UITVEER
WASLAPPIE
SEEP
TANDEPASTA
TANDEBORSEL
DEODORANT

BEHOEFTES VIR GR 7 (6)
KLEURPENNE
SKER
FLIP FILE (10 BLAD)
BLOU PENNE (4)
POTLODE HB (4)
SKERPMAKER
LINIAAL - DEURSKYNEND
PRIT
UITVEER
WASLAPPIE
SEEP
TANDEPASTA
TANDEBORSEL
DEODORANT

Twee van ons gemeentelede, Karen & Hugo Carstens se seun & sy vrou, gee onderwys en is betrokke by ‘n baie klein skooltjie waar hulle in die kinders se lewens inbou en ‘n gróót verskil maak. Hulle is besig met ‘n wonderlike projek waarmee ons verseker vir hulle kan ondersteun. Die skooltjie was ongelukkig nie onder die skole wat gekies is vir die jaarlikse Santas Skoendoos-projek nie.
Ek heg Karen se boodskap aan: “Ek het vir jou genoem van die Santa/Skryfbehoeftes Projek waarmee ek besig is vir Nicolaas en Marietjie se skool. Hulle is betrokke by Blouvlei Academy in Wellington wat ‘n totaal van 95 kinders het wat elke dag hul etes ook by die skool ontvang.

Ek het al wonderlike skenkings gekry en is dankbaar om te noem dat die Graad RR en R klasse reeds in totaliteit geborg is.
Ons kort dus nog 43 boksies (verskeidenheid van grade). Aangeheg is ‘n lysie waaruit daar gekies kan word om ‘n skoendosie vir ‘n kind te pak en mooi te versier.”

Meer inligting oor hul skooltjie kan op volgende webtuiste gesien word : www.ruraleducationsa.com

HELEN
DeWet-Krige

BA SPRAAKHEELKUNDE EN OUDIOLOGIE

Sarel Cillierstraat 149, Strand, 7140
www.helendewetkrige.co.za | helendwk30@gmail.com
082 781 8391

Praktyk Nr 08200008203423 | HPCSA Reg. Nr STA0003727

BASIESE VEILIGHEIDSMAATREËLS WAT ALMAL KAN TOEPAS:

- Sorg vir goeie beligting by jou deure, en maak seker dat jy weet wie buite is voordat jy oopmaak.
- Ken jou bure. Ruil foonnommers uit, en hou 'n ogie oor mekaar se huise.
- Indien jy vermoed dat daar iemand op jou erf is, moenie uitgaan en self ondersoek instel nie. Laat jou bure en die polisie weet, en druk die alarmknoppie van jou sekuriteitsmaatskappy.
- Sorg vir genoeg sekuriteit, bv. diefwering, 'n alarmstelsel, veiligheidsdeure en veiligheidsomheining.
- Ken alle noodnommers. Leer jou kinders hoe om hierdie nommers te bel.
- Moenie jou motorhuis en voor- of agterdeur oop los nie.
- Sorg dat jou gordyne saans toegetrek is sodat niemand van buite af tot binne-in jou huis kan sien nie.
- Beligting buite: gebruik dit tot jou voordeel. Ligte wat buite aan is terwyl dit binne jou huis donker is, stel jou in staat om buite dop te hou terwyl iemand van buite nie by jou huis kan insien nie.
- Kry vir jou honde, en laat een binne jou huis bly.
- Moenie tuingereedskap of lere buite los nie. Dit is gereedskap wat diewe vir 'n inbraak kan gebruik.
- Wanneer jy by jou huis stilhou, kyk eers deeglik rond. As jou honde vreemd optree of nie na die hek toe kom nie, moet dan nie ingaan nie.
- Moenie waardevolle artikels naby 'n oop venster of deur laat nie.
- Kry 'n maat met wie jy gereelde kontak kan hê om seker te maak dat julle albei te alle tye veilig is. As een van julle dan skielik nie bereik kan word nie, sal die ander dadelik onraad vermoed.

STRAND BUURTWAG NUUS:

November Nuusbrief is nou beskikbaar met veiligheidswenke en inligting oor ons gemeenskap wat elkeen raak. Indien jy graag die nuusbrief wil ontvang, kontak asb. vir Carl Gersbach, 0836352114 of admin@chgeng.co.za.

Besoek ook hul FB Blad met al die nodige inligting wat daagliks daarop geplaas word: https://www.facebook.com/strandnw/

HOOGTEPUNTE IN OKTOBER 2019

1 Oktober
Pinkbaadjie (Opleiding aan haweloses)(Kos word voorsien)
8 Oktober
Pinkbaadjie (Opleiding aan haweloses)(Kos word voorsien)
12 Oktober
Duine Skoonmaak (Verwyder strukture en slaapplekke
12 Oktober
Huis Jan Swart "pamper" dag
13 Oktober
Help vang 'n gesteelde voertuig saam SAPS en GBSec
15 Oktober
Pinkbaadjie (Opleiding aan haweloses) (Kos word voorsien)
19 Oktober
COCT massa informasie sessie in Kaapstad
22 Oktober
Pinkbaadjie (Opleiding aan haweloses)(Kos word voorsien)
23 Oktober
Radio Helderberg Onderhoud
24 Oktober
Vang grypdief in 'n motor
25 Oktober
Oorstromings Kays/De Ruyter (Lede help paaie blok, ontruim en skarebeheer)
29 Oktober
Pinkbaadjie (Opleiding aan haweloses)(Kos word voorsien)
31 Oktober
SNW patrollievergadering

AMOS KAAP MARKTE IN 2020 TEN BATE VAN PLAASBEARBEIDING IN KAAP

Markdatums vir 2020 in Strand volg:

01Februarie	Koue Bokkeveld koördineer
07 Maart	Wellington koördineer
04 April	Villiersdorp/Worcester koördineer
09 Mei	Amos Studente koördineer
06 Junie	Citrusdal koördineer

Ons wil deur die verkoop van vars produkte bv. groente en vrugte teen markprys fondse vir Amos werksaamhede insamel.

Hoof Koördineerder van die markte is JB Wessels kontak 0832334533.
Groete in Christus, Ds. JB Wessels (Amos Kaap bediening koördineerder)

KNIEWERK:

- Ons innige meegevoel met Pikkie Volschenk en familie met die heengaan van haar man, Jannie.
- Joël Kriegler gaan 26 Nov vir operasie.
- Bid ook asb vir Gerda de Villiers, Dirk Fourie, Paul Louw en Vollie Volschenk vir gesondheid.
- Wouter Burger (Herschellstraat) in hospitaal

Oom Rassie en tannie Lizzie Erasmus het op 7 November hul **60ste** Huweliksherdenking gevier♫
Julle inspireer ons! Mag die Here jul seën met alles wat goed en mooi is uit Sy Hand.

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 17 NOVEMBER SE BOODSKAP: 2 Tes 3:6-13 (23STE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Die fokus van die teks is nie net om ’n goeie werksetiek te hê nie, maar eerder oor wat dit beteken om saam in gemeenskap met mekaar te leef. Ons word genooi om mekaar in ag te neem – ook in die kerk. Ons sou kon vra of ons ’n gemeenskap is waar ’n paar al die werk doen, of streef ons na ’n balans waar almal hul gawes en tyd gee om saam te werk?

In vs. 6 word gepraat van iemand wat “leeglê, / wat lui is, / wat nie omgee vir ander nie”. Volgens die Grieks word verwys na iemand wat “onordelik wandel”. Hierdie term kom oorspronklik uit die militêre leefwêreld en beteken dat iemand nie “op sy pos is” nie. Dit beteken dat daar nie op daardie persoon gereken kan word nie, hy is nie betroubaar nie, hy tree nie op in belang van ander nie. Hy neem nie ander in ag nie en dink nie aan die gemeenskap waarvan hy deel is nie. Dit het tot gevolg dat sy manier van optrede, sy lewe, ander nadelig beïnvloed. Dit het die verdere betekenis dat hierdie persoon “niks doen” nie, dat hy nie werk nie, dat hy “leeglê”. So iemand sorg nie vir sy eie lewe en eie huishouding nie en “eet ander se brood” sonder om daardie mense in ag te neem. Paulus waarsku die gemeente teen so ’n persoon. Hierteenoor wys Paulus die gemeente op sy eie lewe en sy manier van werk. Hy het nie net vir hulle gesê hoe om te lewe nie, hy het vir hulle gewys deur sy lewe en werk dat hy nie op ander gesteun, van ander afhanklik wou wees vir sy lewensonderhoud nie, al het hy die reg daarop gehad as leier in die kerk (1 Tim. 5:18, Luk. 10:7, Mat 10:10). Terwyl hy gepreek het, het hy deurentyd voortgegaan om tente te maak en te verkoop. (Hand. 18:3) In ons tyd vandag, kan niemand net sit en nie werk nie, werk beteken lewe en vooruitgang. Ons grootword dae en opvoeding se uitgangspunt is om jongmense op te voed vir ’n lewe van werk om te bestaan en te oorleef. Aan die ander kant sit ons vandag met die probleem van “oorwerk” en mense wat nie kan ophou werk nie. Mense is vasgevang in ’n “ratrace” wat hulle forseer om meer en harder te werk (om meer geld as die ander persoon langs jou te hê). ’n Ander kan van die saak is mense wat nie kan werk kry nie, al wil hulle hoe graag werk om te kan oorleef. Omdat hulle dan nie werk kry of nie werk het nie, voel hulle waardeloos en beïnvloed dit hul menswees. Daarom mag ons nie hierdie Skrifgedeelte op hulle toepas nie. Die ekonomiese situasie van vandag is net heeltemal anders as daardie tyd van die mense aan wie Paulus hier skryf.
Dan is daar ook diegene wat nie wil werk nie omdat hulle dikwels ander motiewe het wanneer hulle “werk vra”. Die groot vraag is hoe die kerk en ons as gelowiges op elkeen van hierdie situasies reageer? Hoe leef ons ons liefde teenoor mense in die verskillende omstandighede uit?
Daarom Paulus se opdrag in vs. 13: “Moenie moeg word om goed te doen nie.” (vandag en môre)

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE